# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 10/03 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **“Math 24”-kompetisie:**
   Dylan Chari het op Woensdag, 8 Maart, aan die volgende rondte deelgeneem en ‘n derde plek op distriksvlak behaal. Ons is baie trots op haar.

2. **Nasionale Toneelspelkompetisie:**
   Leerders gaan op 22 Maart in George deelneem aan die uitdunrondte van die kompetisie. Leerders wat aangedui het dat hul gaan deelneem, moet asb. op Maandag, 13 Maart, die R120 inskrywingsgeld by juf. Janine inbetaal. Kontak asb. juf. Janine indien daar nog ‘n leerder is wat wil deelneem. Daar is nog 3 plekke beskikbaar. Leerders moet elkeen ‘n prosa en ‘n gedig voordra.

   Leerders wat deurdring na die volgende rondte, gaan op 22 – 24 Mei in Kaapstad deelneem.

3. **Imagine 2023 National Event: 18-20 Maart 2023:**
   Maandag, 13 Maart, is die finale inskrywingsdatum vir die kamp.

   HS McLachlan wil graag al ons gr. 8- tot 12-leerders die geleentheid gee om die nasionale #Imagine saamtrek te Bredasdorp by te woon. Ons program begin Saterdag, 18 Maart, om 16:00 en ons verdaag Maandag, 20 Maart, om 12:00.

   Dis 'n fenominale geestelike saamtrek van ons suidelike provinsies se jeug om vir daardie langnaweek 'n wonderlike Christelike belewenis te hê op 'n unieke jongmens manier.

   Die verblyf, etes en toegang vir die naweek beloop R500 en ons vervoer ongeveer R200. Ons gaan lekker kamp, vriende maak, sing en dans, baie ervaar en hoor maar ook ontspan en geestelik groei. Ons gaan kamp in tente en groot kleurryke klank-en-beeldervarings in klein,groepies beleef.

   Leerders kan ons spesiale borgvorms gebruik om by vriende en familie fondse vir die kamp in te samel.

4. **Die Blakerskoolkoerant en Bun Booyens:**
   Hoërskool McLachlan het die wonderlike eer te beurt geval dat Bun Booyens potensiaal in ons skool sien en die redaksie van Die Blaker wil help. Hy het ‘n paar jaar gelede by die boeredag by die

Langklooffees gepraat en van ons Blakers onder oë gehad en was beïndruk. Mnr. Booyens het die Wegtydskrif begin en was redakteur van die Rapport. Tans is hy redakteur van Die Burger. Ons sien uit na sy besoek.

5. **Finansies:**

- Vriendelike versoek aan ouers om, wanneer u geld skool toe stuur, dit asseblief saam met 'n nota te stuur waarop die ouers en kind se naam verskyn asook waarvoor die geld is. Dit is om te voorkom dat verkeerde rekenings gekrediteer word.

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

6. **Sport:**

- Hoërskoolatletiek:
  Dit het baie goed gegaan met Corine Ntshudu en Lea Cedra wat verlede Saterdag, 4 Maart, aan die Sarah Baarman-kampioenskappe deelgeneem het. Beide atlete het aan verspring deelgeneem. Lea Cedra het 'n vyfde plek en Corine Ntshudu 'n derde plek behaal.

- Laerskoolatletiek:
  Ons wens die laerskoolatlete wat vir die Sarah Baartmanatletiekspan gekies is, baie sterkte toe.

  Die volgende atlete gaan ons skool verteenwoordig:

| | | |
|---|---|---|
| S 0/10 | Trent-Leigh Pieterse | 70m hekkies |
| D 0/11 | Igné Ferreira | GS |
| S 0/11 | E.J. Meyer | 75m hekkies |
| S 0/13 | Reyo-Nando van Rooyen | SG |

  Hulle neem 10 – 11 Maart 2023 op die Walter Sisulu Universiteit se atletiekbaan in Mthata deel.

- Netbal:
  - Saterdag, 11 Maart, vind die 0/14 – 0/18 Sarah Baartman netbalproewe te Hoërskool Nico Malan plaas. Registrasies begin om 9:00.

| | | |
|---|---|---|
| Bustye: | Misgund: | 06:20 |
| | Louterwater: | 06:35 |
| | Krakeel: | 06:50 |
| | Skool: | 07:05 |
| | Ravinia: | 07:10 |

herotel

- Baie geluk aan Marnelle Oberholster wat deurgedring het tot die volgende rondte proewe. Dit vind plaas op 24 Maart te Oos–Londen.

- Die 1ste netbalspan is uitgenooi na NMU se toernooi wat vanaf 17 – 19 Maart plaasvind.

- Rugby en netbal:
  Saterdag, 25 Maart, is daar ‘n prettige interskole teen Hoërskool Paul Sauer. Van 0/7 – 0/19 rugby en netbal, gaan deelneem. Die personeel gaan ook mekaar aandurf op die netbalbaan.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit